29 APRIL 2018

09:00 Erediens
Eric Scholtz

18:00 Aanddiens – Kapel
Immanuel van Tonder
Ontmoet God deur jou sintuie. . .

geen kleuterkerk en kategese – geniet die langnaweek!

6 MEI 2018

09:00 Erediens – Doop
Fay van Eeden

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 kleuterkerk

Onthou om 'n foto van jouself te bring. Kom maak saam met ons 'n mooi kaartjie vir Mamma vir Moedersdag. Almal welkom!

09:30 Lynnwood Oord-diens
Johan Jooste

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Eric Scholtz

19:00 Belydenisklas
Gebed. *Kleingroepe*

Ya Bana besoek en uitreik op 6 Mei. Ons ontmoet om 07:30 by die kerk. Koste beloop R20 pp. Kontak vir Liani 079 506 4078 of Jeanri 074 893 2836 as jy dit wil meemaak.

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor op Maandag 30 April 2018 gesluit sal wees.

Mandala-oggend : 5 Mei 2018

Kom geniet op **5 Mei vanaf 09:00 – 13:00** 'n kreatiewe oggend en ontdek saam met Liezel Luneburg die wonder van **Mandalas**.

Liezel gaan nie net die kuns van mandalas teken met ons deel nie, maar ook die geestelike waarde wat sy daarin ontdek het. Liezel noem dat sirkels groot gewig in die skepping dra: 'n Eiersel is sirkelvormig, 'n varingblaar rol in 'n sirkelkurwe uit om 'n vars stingel te vorm en ons pupille is sirkels wat sien en inneem. Die woord "mandala" beteken bloot "sirkel met 'n middelste trefpunt". 'n Kreatiewe Skepper vorm in perfekte balans die middelste trefpunt van haar bestaan. Haar kuns fokus op hierdie middelpunt en ontgin die onverstaanbare, Goddelike kenmerk van kreatiwiteit wat binne-in elkeen van ons lê – soms sluimerend en onopgeëis, maar altyd wagtend in die agtergrond.

Daar sal ook die Saterdag en Sondag 'n uitstalling van Liezel se werk wees (wat ook te koop is). Sy gaan ook beskikbaar wees vir vrae. Koste: R150 (sluit skryfbehoeftes en ligte verversings in). Vir meer inligting kontak Fay 083 478 0854. Sluitingsdatum: 2 Mei 2018 vir plekbesprekings by die kerkkantoor 012 348 1245.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Kerkkantoor gesluit.**
Dinsdag:	**Werkersdag.**
Woensdag:	**Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212. **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Koos Terblanché, Oxford-steeg 4, Lynnwood Manor, 082 886 0415 – ons is saam dankbaar vir die goeie uitslag van die mediese ondersoek.

Bewys van lidmaatskap:

Wikus en Renate Engelbrecht, Mackenziestraat 302, Brooklyn, 079 516 3158.

Bybelstudiereeks: Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton)

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:
8 Mei: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie (A21).
22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).
29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Gemeenskap:

PEN Besigheidsontbyt op 10 Mei om 07:00 by Ooskerk. Sprekers: Gewaardeerde en Sosiale Entrepeneur, Francois van Niekerk en Dr. Marinda van Niekerk (Hoof Uitvoerendebeampte, Pen). Tema: *Besigheid met 'n doel.* Besprekings: Elaine 012 323 6688 of e-pos info@pen.org.za.

Woonstel te huur in Menlopark: ruim een slaapkamer woonstel te huur met aparte badkamer en kombuis. Beskikbaar vanaf 20 April 2018. Enkel persoon; nie-roker. R4400 per maand, elektrisiteit-meter geïnstalleer. Kontak Elise 082 950 3368.

Afgetrede gegradueerde onderwyseres is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

Montanac - pragtige ruim kamer ten volle toegerus met dubbelbed, sowel as ingeboude lessenaar en boekrakke. Deel badkamer met ander persoon, sowel as moderne kombuis met eie kruidenierskas. Sluit ook motorhuis in. Kontak: Rita Hartman by 083 277 8763.

Kontak van die week: Kopskoot op Leonardville

So paar jaar gelede, toe ons nog in Windhoek gebly het, kry ek 'n oproep uit Leonardville: wil ek nie tog kom help met hulle jaarlikse kinderkamp nie? My dagboek werk mooi saam en ons maak 'n datum vas. Die vasgestelde datum geld vir my en die poppe van die poppekas. Die gemeente van Leonard het hulle eie kas, maar omdat ek vir die stories van die poppekas verantwoordelikheid aanvaar, moet my eie poppe saam. Dit help gewoonlik met sulke uitnodigings as my uitgawes deur die gashere gedra word en Leonard staan maklik daarvoor in, maar ek kry 'n onverwagste verassing: "Jy het nie lus om iets te kom jag nie? Ek is seker dat ons vir jou iets gereël sal kry." Nou hoe dan nou? Ek hou van vleis, miskien te veel, maar ek het nog nooit self gejag nie en ek weet ook nie lekker wat om te sê nie. So staan die uitnodiging, maar met my versoek dat die gashere iets, lees Springbok, kan skiet en ek sal met die gastronomiese deel behulpsaam wees.

Die Donderdag voor die kinderkamp, daag ek by die plaas op. Die gashere laat my lekker tuis voel en later in die middag gaan ons uit om te jag. Dit is toe ook so dat die boer 'n ram skiet. Ons laai die karkas op die bakkie, maar ek sien dat my gewaardeerde gasheer nie in die rigting van die huis draai nie. Toegegee, dit was in die Kalahari tussen die duine, maar ek is nie so rigtingbeduiweld dat ek nie kon sien dat ons al verder van die huis af ry nie. Om alles te kroon, beland die geweer by my. Dit was eers toe ons nie meer veld en bome gesels nie, maar dat hy vir my wys waar die Springbok trop heen gehardloop het, dat ek die oortjie by die kloutjie bring (miskien eerder die vinger by die sneller).

Maar raak ek toe nou vir jou bewerig en praterig. Gelukkig het ek al redelik teiken geskiet en verstaan so bietjie van teleskope, asem inhou/uitblaas en dooie rus. Teen 'n duin gaan staan 'n mooi groot ooi (Pieter sê vir my dis 'n ooi, maar ek het darem gesien dit is 'n Springbok). "Mik vir haar nek," sê die een van ons twee wat die meeste van jag weet. Ek maak so, maar gelukkig hardloop sy. Ongelukkig gaan staan sy 'n entjie verder. Nou sê die een wat die meeste van jag weet: "Kopskoot." Dis al. Gelukkig was daar nie baie tyd vir dink nie en ek skiet. Sal jy glo, ek skiet die bok toe kopskoot! Toe ons daar kom, is die pronk reeds oop. Ek het nooit gedink jag kan so positiewe ervaring wees nie.

Maar kyk, toe praat ek. Verbale diarree is 'n eufemisme. Net voor my kop begin swel tot weerballon-grootte oor hierdie kopskoot, waarsku ervaring my: "Vra vir Pieter of hy al mis geskiet het." "Ja," sê hy, "dit gebeur maar met alle jagters."

Vrydag kom die kinders en ook die personeel. Onder hulle is 'n man wat jag soos wat ek preek, dis sy lewe. Reeds genoemde ervaring laat my die mis-skiet-vraag herhaal. Ek kry ook reeds genoemde antwoord: "Dit gebeur maar." Al jag mens hoe goed, skiet mens by tye mis en is daar mislukking.

Dit laat my een Kalahari nag lê en dink: Christenskap het ook kolskote. 'n Gesinsdiens werk net. Vroeg die Sondagoggend oefen die mense van die poppekas. Die transparanteur en die tru-pojektor is een; die klankmanne is op hulle pos en elke mikrofoon se draad is reg gekoppel; die klavier is op noot; al die hulpmiddels werk soos hulle moet werk en daar is verbasend min lidmate wat tydens die preek aan die slaap raak.

Maar Christenskap het ook mis skote: die klank werk nie goed by 'n begrafnis nie al is dit vooraf getoets; misverstande vind plaas en mense bedank uit hulle werk of uit die kerk.

Dis Christenskap: nie alles gaan kopskote wees nie. Ten spyte van ons eie swakheid en soms moedeloosheid, werk die Heilige Gees in sy kinders. Vandaar my gebed:

"Dankie Here vir kopskote.
Gee dat die skote wat mis is, ons nie moedeloos sal maak nie.
Raak ons wel moedeloos, weet ons dat U vir ons alles is, en alles gee.
Op U, Here, alleen, wil ons vertrou."

Groete
Peet Crous (namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Pinkster 2018

Lewegewende Fontein

Droom saam oor die kerk as lewegewende gemeenskap

Sondag 13 Mei 9:00 Prof Nelus Niemand
Sondag 13 Mei 18:00 Vr Chris Schönenberger
Maandag 14 Mei 18:00 Nicolaas Kruger
Dinsdag 15 Mei 18:00 Vr Jacobus van der Riet
Woensdag 16 Mei 18:00 Marietjie van Loggerenberg
Donderdag 17 Mei 18:00 Bouwer Bosch
Sondag 20 Mei 9:00 Pinksterfees saam met die koor van Meisieshoër Liturg: Immanuel van Tonder

Warm koppie sop saans!

KINDERPINKSTER
Elke aand 18:00 in die saal

Pinkster by Lynnwood-Oord

Die waarde van 'n slagspreuk vir Pinkster

Dr Michiel Botha

Ma 14 Mei - Don 17 Mei om 9:30